DAG 1

God is met ons!

Lees Levitikus 26:11-12; Psalm 132:13-18.

En Ek sal my tabernakel onder julle oprig… (v. 11).

Die Here het dit nog altyd duidelik gemaak dat Hy naby aan die mens wou leef. Selfs ná die sondeval het die Here nie sy rug op die mens gedraai nie. Hy wou tussen die Israeliete woon.

Daarom moes die mense vir Hom 'n woonplek bou. Of dit 'n tabernakel of 'n tempel was, die mense moes weet dat die Here tussen hulle woon.

Nou weet ons dat God nooit vasgevang kan word in selfs 'n asemrowende tempelkonstruksie nie. Hierdie sigbare woonplek van die Here was eintlik maar net die Here wat ons mense bewus wou maak van sy begeerte om naby aan ons as mense te kom.

Tog voel Hy vir baie mense nog as te ver van ons af. Ander het die gevoel dat die Here Homself vir hulle wegsteek. Tog is dit duidelik dat die Here Hom aan ons wil openbaar. Hy wil altyd meer van

Homself met ons deel. Daar is ’n verlange in die vaderhart van God om ’n dieper vlak van intimiteit met ons as sy kinders te deel. Ons moet net nie tevrede wees met die krummels van hoorsê oor die Here nie. Hy wil hê dat ons ’n totale belewenis van Hom sal hê, ons moet dit smaak en sien dat die Here goed is. Ons kan juig: Immanuel, omdat ons verseker weet: God is met ons!

Dankie, Here, dat ek weet U is hier by my.

Aantekeninge: